**VISIE**:

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION**:

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2021: JAAR VAN VOORTGESETTE VRUGTEVOLLE VENNOOTSKAPPE!

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VIRTUELE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 28 SEPTEMBER 2021 OM 10:15 VANAF PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. FM Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. C Koch | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. D Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste *(verlaat vergadering om 11:17)* |
| Mev. J Erasmus | : | Interne Ouditeur *(verlaat vergadering om 11:17)* |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

**AKSIE**

**BKN001/09/2021**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadslid Du Plooy open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal verwelkom.

***

**BKN002/09/2021**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Geen

***

**BKN003/09/2021**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar gesamentlik dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Raadsdame Crafford verklaar haar belang by item **BKN014**.

***

**BKN004/09/2021**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP MAANDAG 30 AUGUSTUS 2021**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter stel die notule vir goedkeuring.

**BESLUIT**

Dat die notule van die vergadering, soos gehou op Maandag 30 Augustus 2021, bekragtig word.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**BKN005/09/2021**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING SOOS GEHOU OP MAANDAG 30 AUGUSTUS 2021**

Die Munisipale Bestuurder hou die Implementeringsverslag voor ter kennisname.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos gehou op Maandag 30 Augustus 2021.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**BKN006/09/2021**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/09/2021**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN008/09/2021**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste doen die volgende mededeling:

Dat mev. P Booysen se broer oorlede is.

Die Voorsitter wens die familie sterkte toe wat 'n familielid aan die dood afgestaan het.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN009/09/2021**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN010/09/2021**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/09/2021**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: OORWEGING VAN VOLLE EN FINALE SKIKKING TEN OPSIGTE VAN ERF 721, hv OELOFF BERG & DE VILLIERS STRAAT, REDELINGHUYS**
**9/1/2**
***(Die verslag, soos elektronies apart versprei, word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels lei die item kortliks in.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad 'n korting van 70% goedkeur op die addisionele heffing aan die oortreder, ten opsigte van Erf 721, hv Oeloff Berg & De Villiers straat, Redelinghuys; en

2. Dat hierdie korting toegestaan word as 'n uitsluitlike diskresie van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gegrond op die spesifieke omstandighede in hierdie geval en dat dit geen presedent sal vestig in toekomstige gevalle nie.

***

**BKN012/09/2021**
**<u>TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: VOLDOENING AAN TL SDBIP VEREISTES VIR INDIENING VAN VERSLAE AAN STAANDE KOMITEES</u>**
**9/1/2**
***(Die verslag, soos elektronies apart versprei, word ter tafel gelê – Bylae B)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee toestemming verleen dat verslae aan die Staande Komitee (soos vereis deur die TL SDBIP) aan alle Raadslede per e-pos versprei word ter kennisname voor die 10de van die maand waarin dit by die relevante Staande Komitee sou dien en dat sodanige e-pos verspreiding geag word as voldoening aan die TL SDBIP vereiste; en

2. Dat hierdie besluit en uitdruk vanuit die e-pos stelsel (outbox) sal gebruik word as bewys op IGNITE.

***MUNISIPALE BESTUURDER EN ALLE DIREKTEURE***

***

**BKN013/09/2021**
**<u>DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: KORPORATIEWE DIENSTE: MAANDVERSLAE: AUGUSTUS: ADMINISTRATIEWE DIENSTE, MENSLIKE HULPBRONDIENSTE, BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR EN KLIËNTEDIENSVERSLAG</u>**
**9/1/2**
***(Die verslag, soos elektronies apart versprei, word ter tafel gelê – Bylae C)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die maandverslae en kliëntediensverslag.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN014/09/2021**
**<u>VIERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: VERKEERSBOETES INKOMSTE VERBETERINGSPLAN</u>**
**17/10/1**
***(Die verslag, soos elektronies apart versprei, word ter tafel gelê – Bylae D)***

Die Direkteur Gemeenskapsdienste lei die item breedvoerig in. Die Direkteur Finansiële Dienste gee aanvullende inligting tot die item onder bespreking.

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die Verkeersboetes Inkomste Verbeteringsplan ondersteun;

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

2. Dat 50% korting toegestaan word vir alle uitstaande verkeersboetes wat tussen 1 Julie 2020 en 30 Junie 2021 uitgereik is; en

3. Dat Senior Amptenare en Raadslede van Bergrivier Munisipaliteit uitgesluit word by bogenoemde besluit.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN015/09/2021**
**<u>VERSOEK OM MUNISIPALE GROND IN PIKETBERG TE OMHEIN</u>**
**PB. 841; 7/2/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer, met betrekking tot die onderskeie fases van die versoek.

**<u>AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

Dat daar eers skriftelik vasgestel word of die ander langsliggende geregistreerde grondeienaars ook belangstel om 'n gedeelte van die Publieke Oopruimte te bekom teen markverwante waardasie, en bereid sal wees om konsolidasie aansoeke wat gepaard gaan met privaat eiendomme se vergroting, die kostes verbonde aan die konsolidasie aansoeke, konsolidasies se registrasie by die Landmeter Generaal se kantoor en Aktekantoor op eie onkoste te doen.

***

**BKN016/09/2021**
**<u>LEASE AGREEMENT: BOKKOMLAAN VISHUIS NO.11 ON ERF 486, VELDDRIF</u>**
**V.486; 7/1/3/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item breedvoerig in.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. That the lease agreement of Vishuis 11 be cancelled, and the lessee be allowed 90 days to evacuate the lease premises and remove all non-fixed installations, equipment, machinery, rubble, and refuse from the premises at his own cost, and leave the premises in a neat and orderly condition;

2. That the rental moneys due by the lessee be written off;

3. That Council's intention with the future use of Vishuis 11, be established, in order to allow the administration to undertake the necessary processes associated with the future use;

4. That Bergrivier Municipality give the tenant a grace period after the 90 days for evacuation, until Council established the future plans for this property and whether there will be any costs involved for this given grace period; and

5. That the item be referred back to the Executive Mayoral Committee to discuss the intention for future use of Vishuis 11 at the Executive Mayoral Committee meeting as scheduled for Tuesday 19 October 2021.

***

***(Raadsdame Crafford verlaat die vergadering om 10:34 voor bespreking van die onderstaande item)***

**BKN017/09/2021**
**<u>VERHURING VAN MUNISIPALE EIENDOM: ERF 1099, VELDDRIF EN GEDEELTES 68 VAN PLAAS VELDDRIF NO. 110 AFDELING PIKETBERG</u>**
**V.1099 & 110/68; PB; 7/2/3/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item breedvoerig in.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die Munisipaliteit in terme van die MFMA, nie die persele vir munisipale doeleindes benodig nie, aangesien dit slegs die rol van ‘n buffer area vervul;
2. Dat die Munisipaliteit se voorneme om Erf 1099, Velddrif en ‘n gedeelte (ongeveer 3.75 ha groot) van Gedeelte 68 van Plaas Velddrif No. 110, Afdeling Piketberg, soos aangedui op Bylae B, aan FDSA Velddrif te verhuur aan die publiek bekend gemaak word; en
3. Dat die huurooreenkoms met FDSA ten opsigte van Erf 1099, Velddrif en ‘n gedeelte (ongeveer 3.75 ha groot) van Gedeelte 68 van Plaas Velddrif No. 110, Afdeling Piketberg vanaf 01 Oktober 2021 hernu word, vir ‘n tydperk van 3 jaar teen R100 (BTW ing.) per jaar, gebaseer op dieselfde voorwaardes en bepalings.

***

***(Raadsdame Crafford sluit weer om 10:38 aan by die vergadering)***

**BKN018/09/2021**
**<u>VERHURING VAN MUNISIPALE EIENDOM: ERF 162, VELDDRIF</u>**
**V.162; 7/2/3/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item breedvoerig in.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die Munisipaliteit in terme van die MFMA die perseel vir die verskaffing van minimum vlak van basiese munisipale dienste benodig, maar dat gedeeltes wel vir tuinmaak doeleindes en parkering aangewend kan word sonder om dienslewering te benadeel;
2. Dat die Munisipaliteit se voorneme om Erf 162, Velddrif aan W.W. Hopley te verhuur aan die publiek bekend gemaak word by wyse van ‘n publieke kennisgewing op die webtuiste en kennisgewingborde; en
3. Dat die huurooreenkoms met W.W. Hopley ten opsigte van Erf 162, Velddrif vir ‘n tydperk van 3 jaar teen R636.68 (BTW ing.) per jaar met 5% jaarlikse eskalasie, gebaseer op dieselfde voorwaardes en bepalings as wat voorheen van toepassing was, aangegaan word.

***

**BKN019/09/2021**
**VERHURING VAN MUNISIPALE EIENDOM: ERF 1091, VELDDRIF**
**V.1091; 7/1/3/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item breedvoerig in.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Munisipaliteit in terme van die MFMA, nie die perseel vir munisipale doeleindes benodig nie;

2. Dat die Munisipaliteit se voorneme om die kliniekgebou op Erf 1091, Velddrif (gedeelte van Erf 482, Velddrif) aan Aan Oewer Dienssentrum te verhuur aan die publiek bekend gemaak word; en

3. Dat die huurooreenkoms met Aan Oewer Dienssentrum ten opsigte van Erf 1091, Velddrif (gedeelte van Erf 482, Velddrif) vanaf 1 Oktober 2021 hernu word, vir 'n tydperk van 3 jaar teen R1 (BTW ing.) per jaar, gebaseer op dieselfde voorwaardes en bepalings as wat voorheen van toepassing was.

***

**BKN020/09/2021**
**BEMANNING VAN DIE "ACTIVE BOX"**
**17/10/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item breedvoerig in.

**AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad kennis neem van die van die inhoud van die verslag.

***

**BKN021/09/2021**
**JAARVERSLAG: RAMPBESTUUR: 01 JULIE 2020 – 30 JUNIE 2021**
**17/11/B**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item breedvoerig in.

**AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad kennis neem van die inhoud van die verslag.

***

**BKN022/09/2021**
**FEESSEISOEN VOORBEREIDINGSPLAN ("FESTIVE SEASON PREPAREDNESS PLAN")**
**17/10/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item breedvoerig in.

**AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad kennis neem van die Feesseisoen Voorbereidingsplan.

***

**BKN023/09/2021**
**STRAATNAME VIR DIE BEHUISINGSPROJEKTE VAN EENDEKUIL, PIKETBERG EN PORTERVILLE**
**17/5/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item breedvoerig in.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad die onderstaande straatname soos aanbeveel goedkeur:

**Eendekuil 45 – 3 straatname:**
- Roosstraat (Area 1, waar 24 erwe geleë is);
- Astersingel (Area 2, war 9 erwe geleë is);
- Elitesingel (Area 3 waar 12 erwe geleë is);

**Piketberg 156 – 10 straatname:**
- Amandelstraat;
- Bloekomstraat;
- Port Jacksonstraat;
- Sekelbostraat;
- Wilgerstraat;
- Palmstraat;
- Olyfstraat;
- Dennestraat;
- Maroelastraat;
- Geelhoutstraat;

**Porterville 171 – 7 straatname:**
- De Keldersingel (vir die ringpad);
- Boegoestraat;
- Lavenderstraat;
- Olienhoutstraat;
- Geelhoutstraat;
- Sultanastraat; en
- Hanepootstraat.

***

**BKN024/09/2021**
**AANSOEK VIR KANTOORGEBRUIK BY L.B. WERNICH BIBLIOTEEK**
**17/3/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer, met betrekking tot die huurbedrag, huur termyn, operasionele ure van die kantoor en die moontlike akkommodering van die organisasie by die jeugsentrum wat nog in proses is.

Die Direkteur Finansiële Dienste gee aanvullende inligting tot die item onder bespreking en meld dat afgewyk kan word van markverwante huurbedrae indien dit in openbare belang is. Die Munisipale Bestuurder bevestig dat dit in openbare belang is en dat die organisasie diens lewer aan die gemeenskap van Bergrivier Munisipaliteit, spesifiek Piketberg.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad die versoek goedkeur;

2. Dat die huurooreenkoms met die Piketberg Sport Ontwikkeling Stigting vir ‘n tydperk van 1 jaar teen R100 per jaar aangegaan word en heroorweeg word vir akkommodering by die jeugsentrum;

3. Dat die kantoorruimte vanaf Maandag tot Vrydag, gedurende normale kantoor ure van die LB Wernich biblioteek gebruik word; en

4. Dat die Munisipaliteit se intensie om die kantoorruimte aan die Piketberg Sport Ontwikkeling Stigting te verhuur aan die publiek bekend gemaak word deur middel van advertering.

***

**BKN025/09/2021**
**<u>BERGHOFF: HUUR VAN GROND VIR BEDRYF VAN MODULÊRE BIBLIOTEEK</u>**
**17/3/1**
***(Die gewysigde aanbeveling word ter tafel gelê – Bylae E)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item breedvoerig in.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die onderstaande besluite wat tydens die Uitvoerende Burgemeesterskomitee- en Raadsvergadering wat op 13 en 25 Mei 2021 onderskeidelik geneem is te hersien en te herroep:

   - *“Dat goedkeuring verleen word vir die huurkontrak met Mnr Huysamer vir die modulêre Biblioteek te Berghoff, na aanleiding van die proses wat gevolg is in ooreenstemming met subartikel 116(3), van artikel 56 van die MFMA (2003). Die huurkontrak sal aangegaan word vir ‘n tydperk van 9 jaar en 11 maande. Elke 2 jaar sal die nodige wysiging gedoen word om sodoende gelykmatig en geldig te bly.*

   - *Dat Bergrivier Munisipaliteit ‘n huurkontrak aangaan om die ongeveer 80m² in die skoolterrein van Berghof Primêr, op Pampoenfontein 187, restant van gedeelte 32, Porterville, van Berghoff Boerdery BK (Mnr M Huysamer) te huur vir ‘n tydperk van 9 jaar en 11 maande vanaf 1 Julie 2021 tot 31 Mei 2030 teen ‘n bedrag van R 30 000.00 per jaar (BTW uitgesluit), met ‘n eskalasie van 3% per jaar daarna, vir die bedryf van Berghoff Biblioteek;*

   - *Dat Mnr Huysamer verantwoordelik is vir die instandhouding van die grond en die verskaffing van dienste (elektrisiteit, water, riool en vullisverwydering), asook vir die betaling daarvan;*

   - *Dat die huur vooruit betaalbaar sal wees in jaarlikse paaiemente, nl. 1 Julie tot 30 Junie van elke finansiële jaar en ‘n faktuur moet deur die verhuurder daarvoor ingedien word; en*

   - *Dat die huur betaal sal word vanuit die jaarlikse toekenning soos ontvang vanaf die Provinsiale Biblioteekdiens.”*

2. Dat die Raad kennis neem van die voorneme om ‘n Artikel 33 proses, soos vervat in die Wet Op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet No. 56 van 2003), te volg.

***

**BKN026/09/2021**
**ERF 3310, TRAJEKTE KAMP, PIKETBERG**
**15/1/4/5**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item breedvoerig in.

**BESLUIT**

Dat die item onttrek word vir verdere bespreking.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN027/09/2021**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: JULY 2021**
**5/1/B, 5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item kortliks in.

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council note the monthly budget statement and supporting documentation for July 2021.

***

**BKN028/09/2021**
**MAANDVERSLAG: UITGAWES EN VOORSIENINGSKANAALBESTUUR: JULIE 2021**
**5/1/B, 5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item breedvoerig in.

**RECOMMENDATIONS: TO BE NOTED BY COUNCIL**

1. That Council take note of the July 2021 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Municipal Systems Act; and

2. That Council take note that a total of R16 542.47 expenditure incurred during the month of July 2021 to prevent the spread of COVID-19 and to aid in humanitarian relief during the period of lockdown level 3.

***

**BKN029/09/2021**
**AFSKRYF VAN UITSTAANDE DEBITEURE REKENINGE**
**5/15/2**
***(‘n Addisionele verslag, soos elektronies apart versprei, word ter tafel gelê – Bylae F)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item breedvoerig in.

Raadsdame Crafford lig die vergadering in dat ‘n addisionele verslag elektronies versprei is vir oorweging. Die Voorsitter gee ‘n breedvoerige verduideliking van die addisionele item onder bespreking.

Raadsdame Crafford versoek dat BG Carolissen, Rekening 115192, Tulpstraat, Noordhoek, op die lys van addisionele afskrywings eers uitgenooi word vir ‘n in-persoon gesprek, alvorens die afskrywing op die stelsel gedoen word.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad goedkeuring verleen vir die afskryf van die uitstaande skuld (staatsinstellings se uitstaande skuld uitgesluit), soos uiteengesit in Aanhangsel A ten bedrae van R 1 964 494 en Aanhangsel B ten bedrae van R 304 389 soos gemeld in die verslag;

2. Dat die volgende addisionele rekeninge afgeskryf word:
   Rekening 113950, ten bedrae van R 29,943.61;
   Rekening 115192, ten bedrae van R 82,648.60;
   Rekening 51870, ten bedrae van R 36,502.82;
   Rekening 38276, ten bedrae van R 49,871.95;
   Rekening 329878, ten bedrae van R 51,122.62; en

3. Dat die Raad kennis neem van die feit dat die bedrae van die uitstaande skulde, soos per die aangehegte lys in 'n geringe mate kan verander en dat geen afskrywing meer sal beloop as wat die skuld op datum van goedkeuring van die afskrywing sal beloop nie.

***

**BKN030/09/2021**
**WRITING OFF OF PROPERTY PLANT AND EQUIPMENT - MOVABLE ASSETS**
**6/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item breedvoerig in.

**RECOMMENDATIONS: TO BE NOTED BY COUNCIL**

1. That it be noted that all assets as listed in Annexure "A" with a total carrying value of R230 124.32 as at 30 June 2021, was written off by the Chief Financial Officer in accordance with delegated authority as stipulated in Section 14 the MFMA, sub section 2(a) and (b) to write off assets to the value of R500 000.00 and assigned to the CFO per delegation number 287, as they could not be found during the 2020/2021 annual asset verification process and all efforts to determine the whereabouts of the assets by relevant departments had failed to identify their whereabouts;

2. That it be noted that all assets as listed on Annexure "A" that were not recognized in prior periods have been recorded in the fixed asset register at a total carrying value of R549 548.00;

3. That it be noted that the small movable assets items to the value of R182 111.91 that are utilized at various locations in the area of jurisdiction as per listing provided will be accounted for on inventory listings and will not form part of the fixed asset register; and

4. That it be noted that assets sold in the prior year was removed from the asset register as at 30 June 2021 at an amount of R65 623.40.

***

**BKN031/09/2021**
**HEROORWEGING VAN KORTING OP LANDBOUTARIEWE**
**5/15/2**
***(Die gewysigde aanbeveling word ter tafel gelê – Bylae G)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item breedvoerig in.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die landboutarief herbereken word om 'n ratio van 1:0,20 van die residensiële tarief te verteenwoordig, en dat die tarief in die goedgekeurde tariefskedule vir die 2021/2022 finansiële jaar terugwerkend tot 1 Julie 2021 sodanig aangepas word;
2. Dat die maksimum landboukorting waarvoor aansoek gedoen kan word, steeds beperk word tot 'n maksimum ratio van 1:0,15 van die residensiële tarief vir die 2021/2022 finansiële jaar; en
3. Dat die Raad kennis neem dat die addisionele korting tot gevolg sal hê dat daar 'n tekort van nagenoeg R 2,935,000 op eiendomsbelastinginkomste sal ontstaan wat in die halfjaar hersiene begroting reggestel sal moet word.

***

**BKN032/09/2021**
**CONSIDERATION OF UNAUTHORISED EXPENDITURE**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item breedvoerig in.

**BESLUIT**

Dat die item verwys word na die Artikel 32 Komitee vir bespreking en aanbeveling na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad vir oorweging.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN033/09/2021**
**BRANDSTOF VERGELYKING – STORE EN NEDFLEET**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford lei die item breedvoerig in.

**AANBEVELING: VIR KENNISNAME DEUR DIE RAAD**

Dat die Raad kennis neem van die verslag en die voordele wat die Nedfleet brandstof stelsel vir die Munisipaliteit inhou.

***

**BKN034/09/2021**
**CONSIDERATION TO ALLOW A VERIMENT TO AN APPROVED GRANT (BTO) TO RINGFENCE AS PRIZES FOR THE SPORTPERSON OF DECADE AWARDS**
***(Die verslag, soos elektronies apart versprei, word ter tafel gelê – Bylae H)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**RECOMMENDATION: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

That Council approve the veriment of R40 000 from Community Upliftment to BTO (011 011 2170 02) for the exclusive use of prize money for the winners in the Sports Person of the Decade Competition initiated by the Office of the Mayor.

***

**BKN035/09/2021**
**<u>AANSTELLING VAN DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT</u>**
**2/2/3; 4/3/3**
***(‘n Vervangende advertensie is elektronies versprei – Bylae I)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

**AANBEVELINGS VIR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE:**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die vulling van die vakature vanaf 1 Oktober 2021 (of so spoedig moontlik daarna nadat die wetlike prosesse gevolg is) aanbeveel na die Raad vir goedkeuring;

2. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad kennis neem van die versoek van mnr. Koch dat sy kennisgewingsperiode verkort word na een kalendermaand in plaas van die voorgeskrewe twee kalendermaande soos per sy dienskontrak, en kennis neem van die goedkeuring deur die Munisipale Bestuurder na oorlegpleging met die UBM en Portefeulje Voorsitter op 30 Augustus 2021;

3. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die implementeringsplan goedkeur;

4. Dat die konsep advertensie oorweeg word aan die hand van alle relevante wetgewing en goedgekeur word vir advertering in die geïdentifiseerde media;

5. Dat die samestelling van die paneel aanbeveel word aan die Raad soos aangedui in paragraaf 5 van die verslag; en

6. Dat beide vakbonde (SAMWU en IMATU) versoek word om teen Vrydag 15 Oktober 2021 hul verteenwoordiger (een per vakbond) te benoem en in skrif deur te gee aan die Munisipale Bestuurder.

**AANBEVELINGS VIR DIE RAAD**

1. Dat die Raad kennis neem van die bedanking van die Direkteur Tegniese Dienste en dat die Raad die vulling van die vakature goedkeur (onmiddellike advertering van die pos en sluiting van aansoeke 30 dae later, maar kennis neem dat die vulling van die pos (onderhoude en item aan die Raad) eers sal kan geskied na die LGE2021 op 1 November 2021 en na die inhuldiging van die nuwe Raad van Bergrivier Munisipaliteit op Donderdag 11 November 2021); en

2. Dat die Raad die samestelling van die aanstellingspaneel goedkeur soos in die verslag aangedui in paragraaf 5.

***

**BKN036/09/2021**
**PRESTASIE BEOORDELING ARTIKEL 57 POSTE VIR DIE TYDPERK 01 JULIE 2020 TOT 30 JUNIE 2021**
**4/7/6**

Die Voorsitter bedank die Munisipale Bestuurder en Direkteure wat betrokke was by die Prestasie Beoordeling.

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die inhoud van die verslag.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**BKN037/09/2021**
**HERSIENING VAN INDIENSNEMINGSBELEID**
**2/B**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item breedvoerig in.

**BESLUIT**

Dat die onderstaande bygevoeg word tot paragraaf 10.1.3 van die Indiensnemingsbeleid.

*"'n Addisionele Raadslid vanuit die betrokke staande komitee en/of aangewese verteenwoordiger".*

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

***

**BKN038/09/2021**
**BEREKENING VAN OORTYD: WERK OP SONDAE**
**4/2/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item breedvoerig in.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die finansiële implikasies, soos vervat in die verslag.

***BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

***

**BKN039/09/2021**
**SLUITING VAN KANTORE VIR JAAREINDE: 2021/2022**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item breedvoerig in.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die onderstaande reëlings vir 2021/2022 jaareinde goedkeur:

5.1 Dat die munisipale kantore binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit gesluit sal wees vanaf 28 tot 31 Desember 2021 (uitgesonderd die dienste genoem vanaf 5.4 tot 5.6);

5.2 Dat die Biblioteke binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit mag sluit vanaf 28 tot 31 Desember 2021;

5.3 Dat die E-Natis gedeelte van die verkeerskantore binne die grense van

***BESTUURDER: ADMINISTRASIE (WAARNEMEND)***

Bergrivier Munisipaliteit mag sluit vanaf 28 tot 31 Desember 2021;

5.4 Dat die kantore binne die grense van Bergrivier Munisipaliteit op 24 Desember 2021 oop sal wees tot 13:00;

5.5 Dat die onderstaande munisipale dienste nie sluit nie en soos volg gelewer sal word vanaf 28 tot 31 Desember 2021 vanaf 07:30 tot 13:00:

5.5.1 Alle kassiere en verkeerskantore sal oop wees en eers om 12:00 afsluit uitgesluit alle Strandoorde wat voldag werk;

5.5.2 Alle verkeersinbetalings sal gedoen word tot 12:00; en

5.5.3 Dat vooruitbetaalde elektrisiteitsbystanddiens ("pre-paid" bystanddiens) en essensiële dienste voltyds gelewer word.

5.6 Dat Bystanddienste gelewer word vir: rampbestuur, water, riool en vooruitbetaalde elektrisiteit ("pre-paid");

5.7 Dat vullisverwydering en verkeersdienste soos normaal gelewer word en dat daar ook 'n volledige diens in alle Strandoorde gelewer word;

5.8 Dat alle werknemers (uitgesluit die wat werksaam is in bogenoemde dienste (paragrawe 5.4.1 tot 5.4.3 en paragraaf 5.5) toegelaat word om vrywillig verlof in te sit vir 28 tot 31 Desember 2021. Die persone wat nie oor genoegsame verlofkrediete beskik nie, moet vir diens aanmeld; en

5.9 Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se besluit vroegtydig kommunikeer word met die publiek.

***BESTUURDER: ADMINISTRASIE (WAARNEMEND)***

***

**BKN040/09/2021**
**<u>SOMER VOORBEREIDINGSPLAN 2021/2022</u>**
**17/11/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item breedvoerig in.

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die 2021/2022 Somer Voorbereidingsplan; en
2. Dat die Somer Voorbereidingsplan vir die publiek beskikbaar gestel word.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN041/09/2021**
**<u>TMT: IMPLEMENTERINGSPLAN</u>**
**17/10/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item breedvoerig in.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die TMT Implementeringsplan.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN042/09/2021**
**OOPMAAK VAN SWEMBAD NR. 1, AKASIASTRAAT, PIKETBERG: 2021-2022**
**17/6/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Du Plooy lei die item breedvoerig in.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag, en goedkeuring verleen vir die oopmaak van die swembad sodra die "snags" afgehandel is, wat op hierdie stadium beoog word vir die vroegste op **01 Oktober 2021**.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN043/09/2021**
**EUNOMIA COMPLIANCE REPORT: AUGUST 2021**
**12/2/2/21**

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in.

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee take note of the monthly Eunomia compliance report for August 2021.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**BKN044/09/2021**
**COMMUNICATIONS QUARTERLY REPORT PERIOD: 01 JULY 2021 – 30 SEPTEMBER 2021**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee take note of the Communications Quarterly Report.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**BKN045/09/2021**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN046/09/2021**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***Die Bestuurder: Strategiese Dienste en Interne Ouditeur verlaat die vergadering om 11:17, waarna die vergadering In-Komitee voortgaan.***

**BKN047/09/2021**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD: SALARIS EN LOON KOLLEKTIEWE OOREENKOMS: 2021-2024 & AFTREEFONDS KOLLEKTIEWE OOREENKOMS**
**4/5/1**
***(Die verslag, soos elektronies apart versprei, word ter tafel gelê – Bylae J)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item breedvoerig in en bedank die Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste en Bestuurder: Uitgawes en Voorsieningskanaal vir die saamstel van die inligting.

Die Direkteur Finansiële Dienste gee ‘n breedvoerige verduideliking van Bergrivier Munisipaliteit se finansiële stand indien die aanbeveling uitgevoer word soos voorgehou. Die Speaker lewer kommentaar, met spesifieke verwysing na die volhoubaarheid van Plaaslike Regering, die bekostigbaarheid van kerf- en salarisverhogings en die effek wat dit het op die publiek en dienslewering.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer, met spesifieke verwysing na die bekostigbaarheid van salaris- en kerfverhogings.

Die Munisipale Bestuurder meld verder dat sy ‘n skrywe, by wyse van ‘n e-pos aan die werknemers van Bergrivier Munisipaliteit sal versprei om hul in te lig oor die vordering en wanneer betaling sal geskied vir die eenmalige nie-pensioendraende toelae.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die uitkoms soos bereik ondersteun;
2. Dat die kerf- en salarisverhogings 3.5%, ingesluit die terugwerkende bedrag tot Julie 2021, by die Oktober 2021 salaris in berekening gebring word;
3. Dat die eenmalige nie-pensioendraende toelae teen einde Maart 2022 aan die werknemers betaal word;
4. Dat die Munisipale Bestuurder ‘n e-pos aan alle werknemers versprei, ter verduideliking vir die rede van die proses; en
5. Dat die Uitvoerende Burgemeester die Raad inlig van die uitkoms asook die betalingsdatums vir die onderskeie uitbetalings.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**BKN048/09/2021**
**IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN049/09/2021**
**<u>IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

**BKN050/09/2021**
**<u>IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME</u>**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:30*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER (UITVOERENDE BURGEMEESTER)*** ***DATUM***

***